



**basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **DEPARTEMENT VAN BASIESE ONDERWYS**

### **ASSESSERINGSRIGLYNE – 2015**

#### **GRAAD 4 – AFRIKAANS HUISTAAL**

## **INLEIDING**

Die 2015-siklus van die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA 2015) sal plaasvind in alle publieke en aanbevole onafhanklike skole<sup>1</sup> in September 2015. Gedurende die periode sal alle leerders in Grade 4-6 op nasionalevlak vooropgestelde toetse in Huistaal en Wiskunde skryf. Die uitslae sal gebruik word om progressie te monitor teenoor die doelwitte wat daargestel is soos uiteengesit in die *Plan van Aksie 2015, Verwesenliking van Onderwys 2025*.

Die JNA toetse word in die derde kwartaal geskryf, daarom het Die Departement van Basiese Onderwys (DBE) assesseringsriglyne ontwikkel vir elke graad en vak (Huistaal en Wiskunde) wat die minimum kurrikuluminhoud uitlig wat onderrig moet word voor die skryf van die toetse. Die assesseringsriglyne definieer die omvang van die werk wat gedek word in die toetse vir elke graad en vak.

Die JNA 2015 Assesseringsriglyne is ontwerp inlyn met die kurrikulum verklaring wat in die fase geïmplimenteer is.

## **INTERMEDIERE FASE**

In Graad 4-6, sal die toetse die werk dek wat voorgeskryf is vir die eerste drie-kwartale van die skooljaar. Vir hierdie grade is die Assesseringsriglyne in drie kolomme en rye verdeel: Vaardighede; Inhoud; en Spesifieke Vaardighede.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die JNA 2015 Assesseringsriglyne nie impliseer dat die afgebakte werk al is wat gedurende die skooljaar onderrig en aangeleer moet word nie. Derhalwe, voorsien die Assesseringsriglyne die minimum vereistes wat gedek moet word aan die einde van die derde kwartaal.

Onderwysers word versoek om hierdie Assesseringsriglyne saam met ander bronne te gebruik vir hulle onderrig en assessmentsprogramme

**1 “Onafhanklike” skole is die skole wat aansoek gedoen het en hulle Graad 3 en 6 leerders geregistreer het om die JNA te skryf vir versekerde waarborg vir Staatsubsidie.**

**GRAAD 4**

| <b>Vaardighede</b>                      | <b>Inhoud</b>  | <b>Strategieë en sub-vaardighede</b>  |
|---|--|---|
| <b>LEES EN KYK</b>                      | <p>Kort verhale</p> <p>Opsomming</p> <p>Inligtingsteks bv. (advertensie, boek- of rolprentresensies, inhoudsbladsy, koorantartikel, tabel, kaart )</p> <p>Instruksionele Teks bv. ( hoe om...)</p> | <p>Lees teks met insig en bestudeer teks krities. (Leesbegrip)</p> <p><b>Hoofkenmerke van teks</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Intrige.</li> <li>• Karakters.</li> <li>• Karakterisering.</li> <li>• Tema en boodskappe.</li> <li>• Agtergrond en milieu – verhouding tussen karakter en tema.</li> <li>• Teksstrukture en formaat.</li> <li>• Hoofkenmerke van tekste.</li> </ul> <p>Hoof-en ondersteunende idees /spesifieke besonderhede.<br/>-- Maak notas (Hoof-en ondersteunende idees).</p> <p>Lees en kyk strategieë</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>-- Vluglees</li> <li>-- Soeklees</li> <li>-- Lei die betekenis van onbekende woorde en beelde af, deur die gebruik van kontekstuele leidrade.</li> </ul> |
| <b>TAALSTRUKTURE<br/>EN- KONVENTIES</b> | <p><b>Lees-en-Skryftekens</b></p> <p><b>Spelling</b></p> <p><b>Selfstandige naamwoorde</b></p>   | <p>Punt, uitroepeteken, vraagteken, komma, dubbelpunt, kommapunt, hoofletters.</p> <p>Spelpatrone, spelreëls en –konvensies.</p> <p>Selfstandige naamwoorde, voorvoegsels en agtervoegsels.</p> <p>Telbare (bv. <i>stoel/stoele</i>) en ontelbare (bv. meubels) selfstandige naamwoorde.</p> <p>Getal (enkelvoud en meervoud), bv. <i>stoel/stoele</i>.</p> <p>Selfstandige naamwoorde (bv. <i>Vrou</i> ) en Eienaam (bv. <i>Marie</i>) Werkwoord en Voorwerp.</p> <p>Posisie van byvoeglike naamwoord, bv. <i>Die ou man</i> (voor die selfstandige naamwoord); <i>Die man is oud</i> (na die werkwoord)</p>   |

|  |   |
|--|---|
|  | <p><b>Byvoeglike naamwoorde</b></p> <p>Bekende byvoeglike naamwoorde bv. <i>winderig, gevaarlik, wonderlik, jonk, kort, ens.</i> Identifiseer byvoeglike naamwoorde. Byvoeglike naamwoord wat met –end(e) eindig, bv. <i>laggende, spelend, opwindend.</i> (bv. <i>Die wedstryd was opwindend.</i>) Byvoeglike naamwoord wat met –de eindig, bv. <i>opgewonde, teleurgestelde, verveelde</i> (bv. <i>Die meisie was opgewonde.</i>) Trappe van vergelyking, bv. <i>gelukkig, gelukkiger, gelukkigste; tevrede, meer tevrede, mees tevrede.</i> (bv. <i>Dit was die gelukkigste dag van my lewe./Sy is die mees tevrede student in die klas.</i>) Bywoord van wyse, bv. <i>saggies, versigtig, netjies, gou, vinnig.</i></p> |
|  | <p><b>Voornaamwoorde</b></p> <p>Bekende voornaamwoorde bv. <i>hy, sy, ons, hulle...</i> bv. <i>Die meisie doen haar werk.; Die seun doen sy werk.</i> Besitlike voornaamwoorde-dui besitting aan bv. <i>myne.</i></p>   |
|  | <p><b>Bywoorde</b></p> <p>Bywoord van tyd, bv. <i>gister, mōre, verlede jaar, verlede week, nou die dag, volgende maand, die vorige jaar,</i> Bywoord van plek, bv. <i>in die dorp, in die klas, op die speelgrond, onder die tafel.</i></p>  |
|  | <p><b>Voorsetsels</b></p> <p>Voorsetsels (een woord voorsetsels), bv. <i>in, op, aan, met, onder, langs, voor, agter, by, ens.</i> bv. <i>kwaad vir, soek na, trots op, bestaan uit, kyk na, hou van, benadering tot, uitnodiging na, lewer kommentaar op, ens.</i></p>   |
|  | <p><b>Werkwoorde</b></p> <p><b>Tye van die werkwoord</b><br/> <u>Teenwoordige tyd</u>, bv. <i>Die meisie is siek. / Hy speel elke week tennis. / Die seun lees 'n boek.</i><br/> <u>Verlede tyd</u>, bv. <i>Die meisie was siek. / Hy het elke week tennis gespeel. / Die seun het 'n boek gelees.</i><br/> <u>Toekomende tyd</u>, bv. <i>Die meisie sal siek wees. / Hy sal elke week tennis speel. / Die seun sal 'n boek lees.</i></p>   |

|                         |   |  |
|-------------------------|---|--|
|                         | <p><b>Voegwoorde</b></p> <p><b>Woordeskat</b></p>   | <p>Voegwoorde bv. want, daarom, omdat; bv. Die seun is moeg, <b>want</b> hy <b>het</b> hard gewerk./ Die seun het hard gewerk, <b>daarom</b> is hy moeg./ Die seun is moeg, <b>omdat</b> hy hard gewerk <b>het</b>.</p> <p>Sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, alliterasie, een woord vir baie;</p> <p>Beeldspraak/ Stylfiguur (Vergelyking) Idiomatiese Uitdrukking / Vaste uitdrukings.</p> |
| <b>SKRYF EN AANBIED</b> | <p><b>Paragraaf Skryf</b></p> <p><b>Kreatiewe Skryfwerk</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskrywend, bv. Beskrywing van mense, plekke, diere, plante, voorwerpe, ens.</li> <li>• Verhalend, bv. stories, persoonlike oorvertellings. Transaksionele tekste.</li> <li>• Notas, boodskappe, brieve, kaarte, uitnodigings, ens.</li> <li>• Plakkate, kennisgewings, brosjure, advertensies.</li> </ul> | <p>Organiseer idees.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Relevante woordkeuse.</li> <li>• Sinstrukture.</li> <li>• Identifiseer hoof-en ondersteunende gedagtes.</li> <li>• Identifiseer spesifieke kenmerke van die vereiste teks.</li> <li>• Verfy woordkeuse, sinne en paragraaf strukture.</li> <li>• Redigeer: verbeter taal-en spelfoute.</li> </ul>                                  |